higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
**NKR VLAK 2**

(8011022)

**17 November 2022 (Y-vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.**

486Q1N2217

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C en beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Metode waarvolgens 'n misdaad gepleeg word

A Reaktiewe polisiëring
B Proaktiewe polisiëring
C Modus operandi
D Teikenverharding

1.2 Reageer op misdaad nadat dit plaasgevind het.

A Afskrikking
B Teikenverwydering
C Reaktiewe polisiëring
D Gemeenskapspolisiëring

1.3 Die polisie wat oral teenwoordig is.

A Misdaadkartering
B Situasionele misdaadvermindering
C Alomteenwoordigheid
D Verduister

1.4 Om die geleentheid vir misdaad te verminder.

A Teikenverharding
B Teikenverwydering
C Misdaadvermindering
D Situasionele misdaadvermindering

1.5 Sluit in bloed, semen, liggaamsvloeistowwe, hare, naelskraapsels, bloedvlekpatrone.

A Manslag
B Brandstigtingstoneel
C Forensiese biologie
D Forensiese entomologie

(5× 1) **[5]**

## VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Nelson Mandela is in 1994 uit die gevangenis vrygelaat.

2.2 Gedurende apartheid is strafreg hoofsaaklik gebruik om slawe te beheer.

2.3 Koloniale polisie is gebruik om diegene te onderdruk wat nie met die Britte saamgestem het nie en om mynboubelange te beskerm.

2.4 Geregtigheid onder swart Afrikane is beslis deur 'n vergadering van leiers, hoewel sommige konings outokrate was.

2.5 Die Kaapse Berede Polisie was die belangrikste wetstoepassingsagentskap van die Kaapkolonie tydens sy laaste drie dekades.

2.6 Beskermings- en veiligheidsdienste lewer 'n beskermings- en veiligheidsdiens aan alle geïdentifiseerde hooggeplaastes en staatsbelange.

2.7 Die MPD staan onder toesig van 'n burgerlike komitee bestaande uit raadslede en ander lede wat deur die raad verkies word.

2.8 Die laagste rang in die MPD en SAPD-rangstrukture is konstabel.

2.9 Die woord *rang* beteken die posisie wat iemand in 'n organisasie beklee of die vlak waarop hy/sy hulle bevind.

2.10 Organisasiestrukture verteenwoordig die manier waarop die organisasie georganiseer is wat sy funksionele eenhede en ondersteuningseenhede betref.

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| gesond; veilig; 18,5; obesiteit; 18,5 tot 25; fiksheid; 25 en 29; blieptoets |
|---|

3.1 ... is 'n toestand van uiterste oorgewig weens te veel liggaamsvet.

3.2 'n Gebalanseerde dieet is 'n dieet wat jou liggaam help om ... te bly.

3.3 'n LMI van minder as ... is onveilig.

3.4 'n LMI tussen ... word as oorgewig beskou.

3.5 25 m- heen-en-weer-lopies staan ook bekend as …

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Uitvoerende direkteur | A | Hoofdirekteur |
| 4.2 | Generaal-majoor | B | Hoof van Polisie |
| 4.3 | Nasionale Kommissaris | C | Luitenant-generaal |
| 4.4 | Adjunk-Nasionale Kommissaris | D | Generaal |
| 4.5 | Provoos-maarskalk-generaal | E | Brigadier-generaal |

(5× 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**AFDELING B**

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 5**

5.1 Noem DRIE verskillende komponente van ’n gesonde lewenstyl. (3)

5.2 Gee VYF substrukture van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (5)

5.3 Beskryf die doelstellings van ’n gesonde lewenstyl. (5)

5.4 In Suid-Afrika het ons sewe metropolitaanse polisiedepartemente. Noem VYF van hulle. (5)

5.5 Verduidelik die konsep *misdaadvoorkoming.* (4)

5.6 Wat verstaan jy onder die term *illusie van alomteenwoordigheid*? (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C

### VRAAG 6

6.1 Definieer die term *misdaadvermindering*. (4)

6.2 Beskryf die doelstellings van die nasionale misdaadvoorkomingstrategie. (6)

6.3 Verduidelik kortliks wat met teikenverharding bedoel word en gee TWEE voorbeelde. (5)

6.4 Noem TWEE funksies van die Metropolitaanse Polisieagentskappe (MPA). (2)

6.5 Definieer die term *polisiëringsagentskap.* (2)

6.6 In watter jaar het die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in werking getree? (1)

6.7 Wie is die huidige Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens? (1)

6.8 Die Strafproseswet (Wet 51 van 1977), wat algemeen as die SPW bekend staan, reël die strafregproses, wat in vier stadiums verdeel is. Noem die stadiums. (4)

6.9 Gee VYF doelwitte van die SAPD. (5)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D

### VRAAG 7

Beantwoord óf **VRAAG 7** óf **VRAAG 8** in hierdie afdeling.

7.1 Beskryf die voordele van fisieke fiksheid. (5)

7.2 Beskryf die doel en die beperkings van ’n organogram. (5)

7.3 Beskryf die konsep *staatswetteloosheid* met verwysing na Suid-Afrika voor 1994. (10)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 8

8.1 Ondersteunende substrukture verskaf bystand aan die kernstrukture in die SAPD. Identifiseer hierdie substrukture in die organogram van die Suid-Afrikaanse Polisiëringsagentskappe. (4)

8.2 Die fiksheidstoets bestaan uit vier items, wat in die korrekte volgorde gedoen moet word. Noem hulle. (4)

8.3 Beskryf hoe ’n gebalanseerde dieet daar uitsien. (6)

8.4 Beskryf krygswet. (6)

**TOTAAL AFDELING D 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou